

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 15

3 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Melandi Ehlers in graad R3 en haar familie met die heengaan van haar ouma gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
Baie dankie aan die OOV en alle ouers wat op welke manier gehelp het om van die Volkskool-sportdag wat Saterdag, 27 April by Hoërskool DF Malherbe plaasgevind het, ‘n reuse sukses te maak. Ons waardeer dit opreg!

RUGBYPROEWE
Juwan Wium is opgeneem in die PE-Stadspan wat vandag aan die OP-proewe deelneem. Baie geluk, ons hou vir jou duim vas.

VERKIESINGSDAG : VERANDERING OP ROOSTER
Die skool sal volgende Woensdag gesluit wees vir die verkiesing. Ons hoop almal van u bring u stemme die dag uit. **Omdat dit die tweede Woensdag is wat ons in ‘n ry mis, het ons besluit om Donderdag, 9 Mei 2018, ‘n Woensdagrooster vir gr. 4 tot 7 leerlinge te volg.** Maak dus asseblief seker dat u kind die Donderdag, Woensdag se boeke skool toe bring.

LEERDER AFWESIGHEDE
Indien u voor die tyd weet, of as u kind afwesig was, moet u asseblief ‘n brief aan die klasonderwyser rig om die redes vir die afwesigheid te verskaf. Indien die leerder werk mis, is dit die leerder se verantwoordelikheid om die klasonderwyser vir die agterstallige werk te vra. **Indien ‘n leerder afwesig is tydens die eksamen of vir ‘n toets, *moet* u ‘n doktersertifikaat indien.**

KOMMUNIKASIE MET OPVOEDERS
Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en opvoeders bestaan. Ongelukkig het die opvoeders nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel as gevolg van ‘n vol program. Die maklikste is om ‘n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die opvoeder se aandag bring. Indien nodig, sal die opvoeder dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat ‘n opvoeder u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of ‘n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie,

kontak my asseblief direk. Opvoeders mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. Onthou die opvoeders het ‘n vol program en ook ‘n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak nie. Hulle SAL u betyds kontak indien u kind ‘n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is ‘n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die opvoeder aan u.

TENNIS: MUSIC TRIVIA

Ons Tennis Music Trivia se datum het na Saterdag, 8 Junie om 18:00 vir 18:30 verander en sal steeds in ons skoolsaal plaasvind. Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennistoer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

KULTUURAAND MET NATASHA JOUBERT: WOENSDAG, 12 JUNIE 2019

Kaartjieverkope vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019 in ons skoolsaal vorder fluks en is by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens teen R60 per persoon beskikbaar.

GEDRAG LANGS DIE SPORTVELD

Ek wil weer ‘n vriendelike versoek aan alle ouers rig om te let hoe ons langs die sportveld optree. Geen skeidsregter sal doelbewus skelm wees nie en dat sommige nie so vaardig is nie, is waar. Ons kinders kyk hoe ons reageer en hulle begin dan ook later op skeidsregters skree wat totaal onaanvaarbaar is. Kom ons hou Laerskool Newtonpark se naam hoog deur nie aanmerkings op skeidsregters te skree nie.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf, en bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal ‘n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Ek verkies om die beste van almal te glo. Dit voorkom soveel probleme.
Rudyard Kipling

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 6 Mei	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** **Diskonto Boekuitstalling** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Netbal: 0/13A teen Erica A**14:30 (t)** Netbal: 0/12A teen Erica B **14:30 (t)**
Di – 7 Mei	:	**Diskonto Boekuitstalling** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Tennis Clarendon A teen LNP Snr. A (w) Tennis LNP Snr. B teen Blouwaterbaai (t) Tennis Mt. Pleasant A teen LNP Jnr. A (w) Tennis LNP Jnr. B teen Charlo (t) Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15**
Wo – 8 Mei	:	**VERKIESINGSDAG**
Do – 9 Mei	:	Netbal: 0/10A teen Erica **14:30** (w) Netbal: 0/11A teen Erica **14:30** (t) Netbal: 0/9A teen Erica **14:30** (t) Dance Kids ballet graad R: **13:15** Finansiële komittee vergadering : **16:30**
Vr – 10 Mei	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** **MARKDAG** (Moedersdag) Drama graad R – 2: **12:45-13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45** Eko-Newtons

SPORT & KULTUUR

VOLSKOOL-SPORTDAG: RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 April	0/7A	Volkskool	LNP verloor 1 – 5
27 April	0/8A	Volkskool	LNP verloor 3 – 8
27 April	0/9A	Volkskool	LNP wen 28 – 10
27 April	0/11A	Volkskool	LNP verloor 0 – 40
27 April	0/13A	Volkskool	LNP verloor 14 – 15

VOLSKOOL-SPORTDAG: NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
27 April	0/7A	Volkskool	LNP speel gelykop 0 – 0 Speelster van die wedstryd: Mia Vermeulen
27 April	0/7B	Volkskool	LNP wen 1 – 0 Speelster van die wedstryd: Conri Hol
27 April	0/8A	Volkskool	LNP verloor 3 – 9
27 April	0/8B	Volkskool	LNP verloor 2 – 4
27 April	0/9A	Volkskool	LNP wen 4 – 2 Speelsters van die wedstryd: Anri Gouws en Kemica Harth
27 April	0/9B	Volkskool	LNP speel gelykop 1 – 1 Speelsters van die wedstryd: Micaela Potgieter en Leah Botha
27 April	0/10A	Volkskool	LNP verloor 3 – 5
27 April	0/10B	Volkskool	LNP speel gelykop 3 – 3
27 April	0/11A	Volkskool	LNP wen gelykop 4 – 4
27 April	0/11B	Volkskool	LNP wen gelykop 3 – 3
27 April	0/12A	Volkskool	LNP wen 17 – 1
27 April	0/12B	Volkskool	LNP wen 11 – 6
27 April	0/13A	Volkskool	LNP verloor 17 – 18 Speelster van die wedstryd: Anike Kühn
27 April	0/13B	Volkskool	LNP wen 8 – 5

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
2 Mei	0/13B	Herbert Hurd	LNP verloor 2 – 14

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
30 April	Senior A	Grey/Collegiate A	LNP verloor met 14 potte
30 April	Junior A	Junior B	LNP A wen met 12 potte

SPAR KIDS CHALLENGE

Nathan Norris in graad 2C en Britney Norris in graad 1L het Woensdag, 1 Mei 2019, aan die 2.5km SPAR Kids Challenge deelgeneem en ook medaljes vir hul deelname ontvang. Baie geluk!

TALENT AFRICA: NATIONALS

Alyn Birkholtz in graad 3D het die Oos-Kaap by die “Talent Africa Nationals” 2019 verteenwoordig. Daarvoor het sy erekleure verwerf. Baie geluk!

MISS PRE-TEEN PORT ELIZABETH: AROUND THE WORD GALA

Miané Strydom in graad 4DE het Saterdag, 27 April aan bogenoemnde kompetisie deelgeneem. Sy het vir Imfundo Educare Malabar fondse, vanaf kontant skenkings tot kos ens. ingesamel. Sy het ook die volgende toekennings ontvang:

- Miss Pre Teen Port Elizabeth 1st Princess
- Junior Style Award (best dressed USA outfit & Formal dress)
- Overall Philanthropist
- Junior Photogenic
- Overall Debutante
- Junior Entrepreneur Award

Baie geluk!